

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 12-3:1, 2 (nuut)**

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.  
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.  
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Psalm 149:1, 2 (p. 715)**

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!  
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!  
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

## **Geloofsbelydenis: Apostolicum**

**Wet**

## **Psalm 19:6, 7 (p. 83)**

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!  
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.  
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?  
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.
- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;  
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.  
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,  
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

**Gebed**

## **Psalm 90:1, 2 (p. 454)**

- 1 U was, o HEER, vanaf die vroegste jare / vir ons 'n vlug- en skuilplek in gevare.  
Voordat die rotsgebergtes was gebore, / die aarde uit niks geroep was, lank tevore –  
is U, o HEER, dieselfde God van mag, / onwankelbaar in wese en in krag.
- 2 Hoe nietig is die mens! Wat is sy lewe? / Wat hét die mens, al is hom veel gegewe?  
U knak die steel van sy geswinde jare, / en hy gaan heen net soos die najaarsblare.  
Want in u oog is duisend jare, HEER, / 'n enk'le dag, 'n nagwaak en niks meer.

**Skriflesing:** Jesaja 40:12-31; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 1

**Kernvers:** Jesaja 40:28a

**Weet jy dan nie, het jy nog nie gehoor nie? Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde.**  
(Jesaja 40:28a AFR1983)

## Nederlandse Geloofsbelydenis

### Artikel 1

#### Die enige God

*Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.*

*2 Kor 3:17; Joh 4:24; Jes 40:14.*

**Tema:** Hoe werklik is God vir jou? Jou Here is die ewige God!

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, hoe werklik is God vir my en jou? Wat vir 'n vraag is dit, kan julle vra. Natuurlik is God werklik vir ons. Ons sien dan sy magtige skeppingswerk waarin elke skepsel 'n wonderwerk van God se hand is en elke skepsel sy eie unieke funksie het in hierdie grootse skepping van die Here. Ons is dan self ook getuies van die magtige herskeppingswerk van die Here ons God. Hy het ons, wat dood was in die sonde, deur sy Heilige Gees weer lewend gemaak sodat ons nie meer in ons sondes bly lê nie maar in Christus kan lewe. Hoe kan jy nou vra of God werklik is?

Nee, wag so 'n bietjie. Die vraag was nie of God werklik is nie. Die vraag is: Hoe werklik is God vir my en jou? Beleef ons en is ons elke liewe oomblik van ons lewens daarvan bewus dat God persoonlik by ons lewens teenwoordig en betrokke is? Of het dit al met jou gebeur dat daar tye kom en gaan waar dit vir jou voel of jy nou geheel en al alleen is? Voel dit soms vir jou asof die Here te ver is en miskien van jou vergeet het? Het dit met jou al gebeur dat jy voel asof die lewe en jou omstandighede jou soos 'n lemoen uitgedruk het? Het dit al vir jou so erg gevoel dat jy jouself as 'n papgedrukte lemoen gesien het waarin daar nie 'n druppeltjie sap is nie? En al wat nou vir jou oorbly is om vergeet en vertrap te word?

As jy al ooit so gevoel het of miskien vanoggend so voel, hoor nou weer die vraag: Hoe werklik is God vir jou? **Ons bely met ons mond**, want **ons glo met ons hart** dat ons God, die enigste lewende God, **ewig is**. Maar dit wat ons glo en bely van God is mos nie net teoretiese woorde nie. Dit kan mos nie net woorde wees wat ou omies met dik brille op papier neergeskryf het nie. Dat God ewig is, moet mos vir ons in hierdie lewe iets prakties beteken. Hoekom anders sê die Here dan vir ons dat Hy die ewige God is? Vanoggend leer die Heilige Gees ons wat dit beteken dat God ewig is en wat dit beteken vir jou en my in ons lewe van vandag.

Broers, susters en kinders, ons ken almal die woord *ewig*. Baie van ons het al gesê dat ons iemand vir ewig en altyd sal liefhê. Ons vertrou dat elke man en elke vrou dit ten minste vir mekaar gesê het. As ons dit egter sê, bedoel ons in die meeste gevalle dat ons mekaar sal liefhê so lank as wat ons lewe. Vir ons is ewig en altyd nog maar gebonde aan tyd – die tyd so lank as wat ons lewe.

Wanneer die Here sê dat Hy die ewige God is, beteken *ewig* baie meer as wat ons ou klein verstandjies daarvan kan begryp. As God sê Hy is ewig, beteken dit dat Hy nie geword het wat Hy nou is nie, en Hy hou ook nie op om te wees wat Hy is nie. Met ander woorde, God het nie 'n begin of 'n einde nie. Ons het daarvan gesing in Psalm 90. Nog voordat die wêreld en die hele skepping bestaan het, was God reeds daar en was Hy soos wat Hy vandag nog steeds is. Daarom omsluit en dra die ewigheid van God die wêreld en die tyd van die begin af tot in die voleinding.

Nog iets wat ons van die ewigheid van God moet begryp, is dat Hy bo alle wisseling van tyd verhewe is. Ons mense is onderwerp aan tyd. Ons word oud. Ons kragte word minder. Ons word moeg en uitgeput. Dit gebeur met ons omdat tyd sy merke op ons maak. As ons dan hoor dat God ewig is, word daarmee nie bedoel dat tyd maar net vir altyd en altyd aanhou nie. Ewigheid word nie in hoeveelhede gemeet nie. Ewigheid is daarom nie tyd plus tyd plus tyd tot in oneindigheid nie. Die

verskil tussen ewig en tyd is in waarde geleë, want ewig is tydloos. In die ewigheid is daar nie 'n gister, vandag en môre nie. Ek stel dit vir myself so voor: Wanneer 'n mens in die ewigheid sou kon vra hoe laat dit is, sal die antwoord altyd *nou* wees. In die ewigheid is dit net teenwoordige tyd. God se ewigheid is dus 'n ewige hede, 'n ewige nou. Die tyd, ook ons verlede, hede en toekoms, is voor die oë van God een geheel – altyd nou.

Geliefdes, met hierdie paar gebrekkige woordjies kan ons iets van 'n begrip van die ewigheid van God kry. Om dit nog beter te begryp is dit nodig dat ons gaan luister wat die ewigheid van God prakties en konkreet in die lewe van die mens beteken.

Jesaja se profesie is bedoel vir die volk van die Here in ballingskap. Na eeue se waarskuwing deur die profete van die Here het presies gebeur waaroor die Here sy volk gewaarsku het. Omdat hulle hulleself verhard het teen die oproep om hulle tot die Here te bekeer, het die Here vir Nebukadnesar, die heiden, as die sweep in sy hand gevat. Deur middel van Nebukadnesar het die Here sy volk uit hulle land uit weggejaag en aangedryf na Babilonië toe. Nou sit die Judeërs as ballinge in 'n vreemde land waar afgode gedien word.

Hulle sien geen uitkoms nie. Hulle eie land, ja, selfs die stad van God, Jerusalem, lê met tempel en al in puin. Die volk van God se wêreld het in duie gestort. As gevangenes van die Babiloniërs word daar met hulle gespot. In die spotliedjies wat van die Judeërs gesing word, word die Here ook verkleineer, want die Babiloniërs maak asof hulle gode sterker is as die God van Israel. Israel se God kon dan kastig nie keer dat Nebukadnesar die volk van die Here gevange neem nie.

Hierdie aanhoudende gespot en vernedering het naderhand veroorsaak dat die Israeliete se geloof in God vervaag het. Van kleins af het hulle die Here leer ken as die enigste God. Die woorde van Deuteronomium 6:4 is by elke klein Joodjie van babatyd af ingeprint: **Luister, Israel, die Here is ons God. Hy is die enigste Here** (Deut. 6:4 AFR1983). Daar-mee saam het elkeen van die volk aanhoudend, en veral by elke paasfees, gehoor van die magtige daad van God. Oor en oor het die pa's vir hulle kinders vertel hoe die God van hemel en aarde sy volk uit Egipte verlos het en droogvoets deur die Rooi See laat trek het.

Maar, geliefdes, wanneer die werklikheid van 'n verwoeste land en tempel agter jou lê en die werklikheid van gevangene wees van 'n heidense volk jou elke môre begroet wanneer jy opstaan, is die herinnering aan 'n liefdevolle en genadige God wat Hom persoonlik met jou en jou volk bemoei maar bitter vaag. Dit is vir Israel so erg dat dit vir hulle lyk asof die Here hulle vergeet het. Hulle sê selfs **die Here sien (nie) raak wat van my word nie** (Jesaja 40:27 AFR1983). Die onreg wat hulle moet ly aan die hand van heidene duur maar net voort. Die Here doen niks eers daaraan nie. In die ballingskap het Israel inderdaad gevoel soos daardie uitgedrukte lemoen. Al wat vir hulle oorbly is om weggegooi en vertrap te word.

Die eerste woorde wat die Here deur sy profeet aan Israel in die ballingskap laat hoor, is nie: Ek het julle mos gewaarsku, maar julle wou nie luister nie. Nee, die eerste woorde wat die Here laat hoor, is: **Troos, troos, my volk!** (Jesaja 40:1 AFR1953) Die Here bring troos vir sy volk. In hulle uitsiglose en uitgeputte toestand troos die Here hulle, en Hy doen dit met niks anders nie as die versekering dat Hy die ewige God, die Skepper van hemel en aarde is.

Soos wat hulle die Here leer ken het toe hulle pa's en ma's hulle vertel het van die Here se magtige verlossingsdade, so is die Here nog steeds. Hy is immers die Skepper van hemel en aarde. Hy dra en omsluit die die hele skepping van die begin af tot verby die voleinding. Daarom kan Israel verseker weet dat die Here nie in Jerusalem sou agterbly toe sy volk in ballingskap weggevoer is nie. Hy het nie in Jerusalem gebly omdat Hy te moeg of afgemat sou wees nie. Babilonië is ook nie buite die gesigsveld van die Here dat Hy nie sou raaksien wat van sy volk word nie. Nog minder is die toestand waarin Israel verkeer te benard of te onmoontlik dat die Here nie iets daaraan sal kan doen

nie. Hy is immers die ewige God. Hy is ook nou in hierdie ellendige omstandigheid van sy volk hulle liefdevolle, barmhartige en regverdige God.

En aangesien die Here ewig is en bo alle wisseling van tyd verhewe is, het Hy absolute heerskappy oor dit wat tydelik is. Kragtens sy ewigheid is Hy ook by Israel in hulle ellende van die ballingskap teenwoordig. Die vyand en verdrukker van Israel, hoe sterk hulle ook al in die oë van Israel is, is maar net tydelik. En die vyand van Israel is ten volle onder die heerskappy van die ewige God. Die ballingskap sal nie vir altyd aanhou nie. Die verdrukking sal tot 'n einde kom, want die verdrukkers is maar net tydelike mense.

Met hierdie versekering: **Die Here is die ewige God**, word Israel ook opgeroep om op die Here te vertrou. **Dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag** (Jesaja 40:31 AFR1983). Hulle word nie noodwendig dadelik uit hulle ellende en verdrukking verlos nie, maar hulle kry nuwe krag om ondanks die ellende nog te kan bly vashou aan die Here en nog te kan bly hoop op die uitkoms. Op die vlerke van geloof kan hulle bokant die benarde omstandighede uitstyg om vir 'n oomblik raak te sien dat die Babiloniërs net vir 'n kort tydjie die sweep in die hand van die Here is om hulle na Hom toe te laat terugkeer. Daarom sal Israel, wanneer hulle op die Here vertrou, hardloop en nie moeg word nie, loop en nie afgemat raak nie.

Geliefde broer, suster en kind, wat ook al jou en my omstandighede is vanoggend, of jy nou deur 'n langdurige siekbed geteister word en of jy nou miskien op die drumpel staan om 'n groot operasie te ondergaan, onthou: **die Here is die ewige God**. Of jou verhouding met jou huweliksmaat aan die wankel is, of jou verhouding met jou kinders of met jou ouers gebuk gaan onder 'n langdurige stryd, en as hierdie worsteling jou nou al so moeg gemaak het dat dit voel of jy nie meer een tree verder kan gaan nie, hoor weer wat sê die Here ook vir jou: **die Here is die ewige God**.

Die Here het jou en jou omstandighede nie uit die oog verloor nie. Hy is ewig. En wat met jou gebeur het, of nou gebeur, of miskien in die verre toekoms gaan gebeur, dit alles staan soos een geheel voor die oë van jou God. Tog sien Hy nie maar net raak wat van jou word nie. Kragtens sy ewigheid maak Hy Homself nou in jou omstandighede teenwoordig. Met sy Gees en Woord is Hy nou by jou. En die feit dat God ewig is en jy maar net 'n tydelike mens, beteken beslis nie dat daar 'n onoorbrugbare afstand tussen jou en God is nie. God se ewigheid vorm nie 'n ondeurdringbare muur tussen jou en God nie. Inteendeel, geliefdes, die feit dat God ewig is, maak dit vir jou en my moontlik om in gebed tot God te nader. Hy weet immers presies hoekom dit wat nou met jou en my gebeur, juis nou op hierdie oomblik met ons gebeur. Hy sien ook nie net hierdie een enkele gebeurtenis van nou in my en jou lewe raak nie. Hy sien ons hele lewe van ons geboorte tot in die verre ewigheid met een oogopslag raak. Daarom kan ons verseker weet dat wat nou gebeur juis in sy heilige plan met jou en my lewe en met die hele bestaan van sy skepping inpas.

Ons kan dus op God vertrou, nie net omdat ons lewe in sy heilige plan inpas nie, maar ook omdat ons weet dat Hy, die ewige God, ons reeds in die ewigheid, voordat daar tyd of wêreld was, in Jesus Christus uitgekies het om sy eiendom te wees. Aangesien Hy ons in Jesus Christus uitgekies het om sy eiendom te wees, het Hy Homself in Jesus Christus teenwoordig gemaak op aarde. Jesus, die ewige Seun van God, self ook ewige God, het mens geword. Hy het die gestalte van 'n mens aangeneem, 'n mens wat tydelik is. In ons grootste nood, in ons donkerste uur het God Homself in Jesus Christus op aarde gevestig. Met sy ewigheid dring hy tot in ons ergste omstandighede in, want in sy goddelike ewigheid kom deurloop Hy ons donkerste uur aan die kruis sodat ons van die Satan en die sonde wat vrees en angs by ons veroorsaak, bevry kan word.

Broers, susters en kinders, in Jesus Christus toon God Homself as die ewige Here wat nooit moeg en afgemat word nie. Al het Hy alle rede gehad om met my en jou op te gee en ons te laat vaar oor ons ongehoorsaamheid en onwilligheid, buig Hy ten diepste neer om ons pad van ellende voluit in ons plek te loop.

Ons kom weer terug na ons vraag van vroeër: Hoe werklik is God vir jou? As Hy maar net vir jou 'n idee is, sal dit geen wonder wees jy voel verlate en vergete in jou nood nie. Met hierdie profetiese woorde van Jesaja kom druk die Heilige Gees ons dit op die hart: God is nie maar net 'n gedagtevlug of 'n idee nie. Hy is werklik, Hy is ewig, Hy is ons persoonlike God wat Homself in Jesus Christus nie maar net op die aarde kom vestig het nie maar met sy Heilige Gees Hom ook persoonlik in jou en my lewe kom vestig het. Vir jou en my sê die Here vanoggend: **weet jy dan nie, het jy nog nie gehoor nie? Die Here is die ewige God**, jou en my ewige God. En die Heilige Gees bind hierdie waarheid aan jou en my hart vas sodat ons te midde van wat ons omstandighede ook al mag wees op God kan bly vertrou en weet: By Hom kry ons die krag om te bly vashou aan die Here wat saam met ons tot in die ewigheid sal loop.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 1-1:1, 7 (24:1, 7)

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy  
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.  
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,  
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.
  
- 7 Ons sal, in lewe en in sterwe, / Gods eiendom vir altyd wees;  
ons sal wat Hy beloof het, erwe, / verseël deur die Heil'ge Gees.  
Hy is die waarborg ons gegewe, / die eerst'ling van die volle som;  
ons sal die reddingsdag belewe – / die glorie-dag van God, wat kom.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
15 April 2012